WATERLOO SOLAR

# KWARTAAL 4 2022 NUUSBRIEF



## Leesprogram Bemagtig **Plaaslike Jeug**

Om die jeug in die Naledi Munisipaliteit te bemagtig, het sewe leerderassistente by verskillende laerskole in die gebied as deel van ons leesprogram bykomende opleiding oor jeugontwikkeling ontvang. Onder die onderwerpe wat in die opleiding gedek is, was bedryfsvaardighede vir die 21ste eeu; waardes vir die lewe; en kommunikasie en netwerking.

Die sessie oor vaardighede vir die 21ste eeu het gefokus op die uitbreiding van leerderassistente se kennis van die Wêreld Ekonomiese Forum se navorsing wat in die werksomgewing nodig is. Waardes is bekend gestel as beginsels of gedragstandaarde, en deur kommunikasie en netwerkopleiding kon die leerderassistente sosiale en professionele platforms identifiseer wat hulle met die res van die wêreld verbind.

Deelnemers het ook onder mekaar en met ander jongmense in Klerksdorp vergaderings gehou. Dit was om hulle te help om met ander jongmense te skakel en ervarings buite hulle onmiddellike omgewing te deel, en ook die vaardighede te oefen wat hulle aangeleer het en dit in hulle alledaagse lewe toe te pas.

> "Ek is baie bly dat ons die aktiwiteite kon voltooi, al was dit baie uitdagend. Omdat ek dit nog nooit vantevore gedoen het nie, het ek baie geleer en sien daarna uit om ander mense te ontmoet en nuwe vaardighede aan te leer." **- Boitshwarelo Mabudi.**






## Perdry vir **Plaaslike Kinders**

Waterloo Solar is trots dat ons "Living out Loud", 'n plaaslike NRO, kon ondersteun deur broodnodige toerusting vir hulle perdryprogram te verskaf.

As deel van die program is 'n pretdag vir die gesin by die Huhudi Sportterrein aangebied, waar kinders die geleentheid gekry het om perd te ry en die perde te troetel.

Die NRO se vernaamste fokus is op die ontwikkeling van kinders en jongmense, asook die beskerming van die omgewing. Voorts verskaf hulle perdrylesse aan kinders in die Naledi Munisipaliteit.

## Graduering van **Kganya-jeugontwikkelingsprogram**

Deelnemers aan die Kganya Youth Development TeenCoaching Programme is vereer by 'n gradueringsplegtigheid wat op 19 Desember 2022 deur Waterloo Solar aangebied is. Die seremonie is bygewoon deur verteenwoordigers van die Naledi Plaaslike Munisipaliteit, die plaaslike kantoor vir ekonomiese ontwikkeling, en familielede van die gegradueerdes.

Die gegradueerdes het 'n 12 maande lange opleidingsertifiseringsprogram van Mayine Development voltooi. Die TeenCoaches is daarna by drie laerskole in die Naledi Munisipaliteit geplaas, waar hulle leiding en mentorskap verskaf en tieners help om beter-ingeligte lewensbesluite te neem.

Die doel van die program is om psigososiale steun aan tieners in die Vryburg-gebied te verskaf. Die gegradueerdes het Usenzile Gotyana, Masego Babeile, Rebaone Foso, Matlhogonolo Mothusi en Phenyo Njenje ingesluit.







## Beurs**program**

Waterloo Solar se beursprogram befonds tans drie ontvangers, wat almal geskeduleer is om hulle studies in 2024 te voltooi.

Die program, wat deur StudyTrust geïmplementeer word, administreer nie net fondse nie maar verskaf ook psigososiale steun en mentorskap om ontvangers te help om akademies te floreer. Deur jaarlikse winterwebinare word begunstigdes toegerus met vaardighede wat hulle in staat sal stel om aan te pas en die stressors van tersiêre studies te hanteer, asook met 'n platform om vaardighede te verwerf wat hulle studies en professionele ontwikkeling verbeter.

"Ons doelwit is om seker te maak dat die begunstigdes 'n goeie begrip ontwikkel van hulle eie identiteit teen die tyd dat hulle hulle studies voltooi, sodat hulle goed toegerus kan wees om in die werkplek sukses te behaal." **sê Claire Phutieagae, gemeenskapskakelbeampte, Waterloo Solar.**

## KWARTAALLIKSE BESTEDING **(K4 2022)**




## KONTAK **ONS**

WaterlooSolarCommunity
45 De Cock Street, Kanana, 794 Mebane Str

**Kantoorure**
08h00-16h00 Maandae tot Vrydae

**Gemeenskap Skakelbeampte**
Claire Phutieagae
066 255 5815
claire.phutieagae@eimsafrica.com